

'N BETROUBARE SKAAL

'n Gelowige sakeman/vrou is daar besigheids-, ekonomiese- en finansiële beginsels wat geld. Finansiële dryfvere en stukrag is noodsaaklik vir 'n gesonde en suksesvolle ekonomie. Met dié dryfkragte moet jy rekening hou. Dit beteken nie dat God hierin uitgesluit is nie. Dit beteken nie dat God nie belange by jou besigheid het nie. Inteendeel! Omdat die ekonomiese lewe een faset van die menslike samelewing is, raak dit God ten nouste. Daarom beveel God dat 'n gelowige besigheidsmens sy Christelike beginsels ook in sy bedryf sal uitleef. Selfs as dit kom by weegskale en maatbande moet die gelowige besigheidsmens God se gebod van eerbaarheid nakom [Lev 19:35-36] Hoekom? Om jouself te verheerlik? Nee!! Omdat God sê "gehoorsaam al my voorskrifte en bepalings en leef daarvolgens. Ek is die Here" [Lev 19:37].

**IN 'N JIFFIE !!**


Om iets in 'n kits of in 'n japtrap te doen is om dit **in 'n jiffie** te doen, baie gou te doen sonder vertraging, sonder om tweemaal te dink. Daarvan is ons wêreld propvol: kitskoffie, kitskopies, kitsgeregte, japtrap-OTMbanke, japtrap-etes by kits-restaurante. Dié *kitsle-wenswyse* bevredig die haastige moderne mens. Vir niks hoef hy te wag nie en nêrens is dit nodig om te lank te vertoef nie. Meeste dinge is *dadelik* beskikbaar, in 'n japtrap. Ongelukkig het die gesindheid neerslag gevind op godsdienstige vlak.

☒ Met sy bestellysie stop die japtrapmens in 'n japtrap voor die godsdienstige "OTM" van die kerk, en die genade en verlossing moet kitsgereed aan hom bedien word as hy sy kaart inskuif.

☒ As daar nood of 'n lewenskrisis is, gryp hy na die "geestelike OTM" en eis "kits" oplossings van 'n japtrap-dominee.

☒ Vir "voorskrifte" en "aanbevelings" uit die Woord van God het so 'n mens nie lus nie. Hy wil kies en neem wat hý wil, kant en klaar en sou gou as moontlik!

☒ Die slotsom is: dié mens wil 'n *selfbedieningsgodsdienst* hê op die *kitspatroon* van vandag sodat al sy geestelike behoeftes in 'n japtrap bevredig kan word. Onthou, *godsdienst* wat nie *diens* aan God is nie, is nie meer godsdienst nie. Jy kan nie net by God ("die kerk") stilstaan vir 'n *kitsonttrekking*, *kitskoffie* of 'n *kitsete* nie. Dan is jou "godsdienst" soos 'n oppervlakkige vernislaag sonder enige diepte en waarde. Godsdienst is bo-alles **ware diens aan God!** God moet "bevredig" word nie jy nie.

**SIMBAAL**

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 23 Januarie 2011

Nommer 2

JOU GEVOELENS EN JOU GODSDIENS

Mense vra dikwels vir jou: Hoe *voél* jy oor dit en hoe *voél* jy oor dat. Dit beteken dat jou standpunt oor 'n saak gevra word. Mense wil weet hoe voel jy as *Christen* oor die lewe? Hou in gedagte dat mense van mekaar verskil en dat hulle standpunte van mekaar sal verskil. Almal "*voel*" nie dieselfde oor sake nie. Sommige word maklik bang, ander word maklik gespanne, party borrel oor van vreugde en ander is pessimiste, defaitiste of fataliste.

- ◆ Die Bybel sê hoe die Christen moet voel: *veilig!*
- ◆ Die gelowige moet voel hy is *veilig* in God se hande.
- ◆ Dit beteken dat die gelowige *vrede met God* het.
- ◆ Sulke vrede bewerk jy nie self nie maar God skenk dit aan jou – *vrede met God*.
- ◆ Dis vrede wat mense nie kan verstaan nie. Dit gaan selfs menslike gevoel te bowe.

Die vrede van God word aan alle soorte mense gegee; ook banges en vreesagtiges. Ook die wat angswild weens druk nie afgeskud kan kry nie. As hulle *glo* het hulle vrede met God te midde van die verskrikkinge en bedreigings van hierdie lewe.

- ◆ Vir baie mense voel die angsvolle tyd waarin ons lewe so sonder vrede met God. Baie stort hulle harte uit in die pastorale spreekkamer oor die angswild en vrees.
- ◆ Dit is noodsaaklik om elke dag te werk aan jou verhouding met God. God gee dan krag en deurstellingsvermoë. Dan gaan dit nie meer om jou gebroke gevoelens nie, maar dan is dit 'n vaste geloof in God.

DIE SUSTERS

Saamroepster vir Januarie 2011: Ansie van Vuuren
 Koekies/Lekkernye vir Kinderhuis: Wyke 26-28, 1-5



**GEMEENTEPROGRAM
 DIÉ WEEK**

SS 23 Januarie tot Saterdag 29 Januarie 2011

So 23	Erediens	09:30-10:30
So 23	Katkisasieklasse	10:30
So 23	Erediens	18:00-19:00
Ma 24	Breë Kerkraadsvergadering	18.00



BELANGRIKE DATUMS

JANUARIE 2011	
24	Breë Kerkraadsvergadering 18:00
FEBRUARIE 2011	
02	Algemene Sustersvergadering
11	Stigting van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 152 jaar gelede
10	Inbetaling Kerklike Bydraes
17	Ouderlingevergadering 18:00
20	Nagmaal
22	Diakensvergadering 18:00
26	55+ Daguitstappie

7.

WYSHEDE

- ◆ Leen net uit wat jy kan bekostig om te verloor.
- ◆ Om aan iets te werk sonder om vergoeding daarvoor te verwag is goed vir jou karakter.
- ◆ Slegs op die weë van God lê die seëninge van God.
- ◆ Haat vergiftig die hater meer as die gehate.
- ◆ Die Here maak sy kinders groot deur hulle klein te hou.
- ◆ Om alles te doen op sy tyd is die middel om tyd te hê om alles te doen.

'n GEES VAN DANKBAARHEID

Die gemeente neem met groot dankbaarheid teenoor die Here kennis van alle gewillige persone wat aanmeld om hulp te verleen waar daar behoefte is. Ons dank die Here dat hy ook voorsien in bedienaars van die Woord om Sondae in ons erediens te gaan.

Die goddelose hardloop weg al jaag niemand hom nie; die vergerdiges het die moed van 'n leeu.

- Spreuke 28:1

***** @ @ @ @ @ @ @ @ @ @ *****

KOLLEKTES

	By die Diakens	Sakkies by deure
23 Jan	Barmhartigheid	Teologiese Studente
30 Jan	Barmhartigheid	Teologiese Studente
06 Feb	Barmhartigheid	Sustentasiefonds

**TEESKINKBEURTE SUSTERS**

Sondag 23 Januarie 2011	WYKE 2 & 3
Sondag 30 Januarie 2011	WYKE 4 & 5
Sondag 6 Februarie 2011	WYKE 6 & 7
Sondag 13 Februarie 2011	WYKE 8 & 9

VERJAARDAE

25 Januarie: **Pieter Steenkamp**
 25 Januarie: **Willem Scheepers**
 25 Januarie: **Drienie Schutte**
 27 Januarie: **Verni Matthyser**
 27 Januarie: **Marian Müller**
 30 Januarie: **Kotie Oosthuizen**
 31 Januarie: **Kotie Bester**

Ons wens almal die ryke seën en liefdevolle teenwoordigheid van die Here toe.



Laat asseblief weet as die besonderhede van bostaande verjaardae nie korrek is nie of as u naam per ongeluk uitgelaat is. Ons stel dit met graagte reg!

LIEF EN LEED


* Br. Piet Kruger ondergaan D.V.môre 'n delikate aneurisme-operasie in die Wilmed. Ons dink aan hom en sr. Gerty en vertrou dat dit goed sal afloop. Ons wens hom die seën van die Here toe met die herstelproses.



* Br.Janneman Botha ondergaan ook hierdie week 'n oogoperasie. Ons bid hom spoedige herstel toe.

**KOM TOER SAAM OP DIE VOETSPORE VAN PAULUS**

Vir die van u wat nog altyd graag die plekke wou besoek waar Paulus op sy sendingreise aangedoen het – hier is 'n uitstekende geleentheid! Die Voetspore-van-Paulus-toer van 12 dae vind plaas vanaf 25 September tot 6 Oktober 2011. Op Woensdag 2 Februarie 2011 om 18:00 word 'n inligtingsessie gehou in die kerksaal van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom, Walter Sisulustraat 33, deur die reisagentskap Seagull Tours, om u volledige inligting te gee oor die toer, toerprys en enige ander navrae. U is baie welkom om die inligtingsessie by te woon! Vir 'n volledige program, stuur 'n e-pos na peetcoetzee@lantic.net of hanliejordan@gmail.com, of skakel ds. Peet Coetzee by 018 290 6778 of prof. Jorrie Jordaan by 018 294 5600.



PUBLIKASIE VAN DIE ARGITEKTONIESE ERFENIS VAN DIE GKSA : VAN SERINGBOOM TOT KERKGEBOU

Die boek **VAN SERINGBOOM TOT KERKGEBOU** oor al die kerkgeboue van Gereformeerde Kerke is nou beskikbaar.

Die eerste versamelde publikasie van die argitektoniese erfenis van die GKSA. Die boek bestaan uit 365 kleurbladsye, saamgebind met 'n harde buiteblad.

Aankoopprys is R310 + R20 posgeld.

Boeke kan bestel word by:

Posbestellings:

Alle posbestellings: Hannes Noëth 083 415 5961

E-pos: jgnoeth@lantic.net

(Betaal R330 in by JG Noëth, ABSA spaar, 261 9590 387 en faks inbetaalstrokie na 086 582 8518. Gebruik as verwysing u kontaknommer en voorletters en van.)

Direkte bestellings:

Boeke kan afgehaal word teen R310 per boek by:

- A. Pretoria-streek: Nandor Sarkady 072 365 5078
- B. Bosveld-streek: Rica Schutte 083 235 5981
- C. Randvaal-streek: Kobus van Tonder 082 544 2879
- D. Randvaal-streek: Colin Harris 011 704 0504
- E. Ander streke: Hannes Noëth 083 415 5961

(jgnoeth@lantic.net)

Vrywilligers vir hospitaalbesoek word gevra om hul name op 'n lys in die voorportaal te skryf, asseblief. Ons lidmate, wat behandeling ontvang, asook siek lidmate van omliggende dorpe wat in die plaaslike hospitale behandel word, waardeur 'n besoek en 'n bemoedigende woord baie. Oom

Pottie doen tans liefdeswerk in die hospitale maar het dringend hulp nodig.

NUUS VAN DIE KINDERHUIS

Dis 'n nuwe jaar vir die inwoners van Huis 3, Vergeet-My-Nie. Die nuwe grasperk voor die huis het danksy die milde reën geel gegroei en is 'n baie welkome speelplek vir die kinders. Twee matrikulante het aan die einde van 2010 die huis verlaat, en daar is tans weer 20 inwoners - 8 dogters en 12 seuns. Die jongste dogter is 8 jaar oud, dan is daar een van 9, een van 10, een van 12, twee van 13, een van 16 en een van 17 jaar oud. Daar is 3 8-jarige seuns, een van 10, een van 12, 3 van 13, 1 van 14, 2 van 15 en 1 van 16 jaar oud. Een van die dogters het die afgelope week in die hospitaal beland nadat sy geval en kopbeserings opgedoen het. Verder gaan dit met almal goed onder die bekwame versorging van hul huismoeder, Anna Bester. Daar sal vanjaar weer aandag aan elke kind gegee word met hul verjaardae. Verlede jaar het elk 'n verjaardagkoek en 'n Bybel gekry, en vanjaar kry hulle onderklere, wat broodnodig is. 'n Projek vir lekker warm slaapklere vir die winter word ook in die vooruitsig gestel.

"n Besondere woord van waardering aan almal van u wat verlede jaar van uself gegee het ten bate van die kinders. Die projek om toiletware vir hulle in te samel vir Kersfees was uiters welkom - dit het vir hulle baie beteken. Ons weet ons kan weer op u staatmaak in 2011.

Groete,
Hanlie Mocke
Martie Venter